



‘Soek die Boonzaiers!’ op die spore van spotprente

DR FRANCOIS VERSTER

Korrespondent

’n Lesing oor Suid-Afrikaanse spotprente by die Joodse Museum in Kaapstad sou lei tot ’n nuwe avontuur én ’n beter begrip vir die lewe en strewes van Daniël Cornelius Boonzaier (1865-1950).

DC Boonzaier, of DCB soos hy onder sy vriende bekend was, was die eerste Suid-Afrikaans-gebore spotprenttekenaar van wêreldformaat, die eerste Afrikaner visuele satirikus van enige formaat, en die eerste grafiese joernalis van *Die Burger*. Boonop was Boonzaier ’n gerekende resensent van die plaaslike toneelwêreld. Én die skilder Pieter Wenning se beskermheer, asook laasgenoemde se opvolger, Gregoire Boonzaier, se vader.

Nietemin, na aflowp van die genoemde lesings, waaraan Zapiro, Tony Grogan en ander bekende satirici deelgeneem het, het die parlement se bibliotekaris, Lila Komnick, vanuit die gehoor na die verhoog gekom. Sy wou weet of ek haar werkplek sal besoek en ’n aantal oorspronklike spotprente kom identifiseer.

’n Paar weke later was ek daar. Die 157 prente is almal deur Boonzaier geteken, sommiges is ook onderteken (óf DCB, óf DB binne ’n klein sirkel, óf DC Boonzaier voluit), en enkeles se bestemming is ook aangedui met *Burger* of *Huisgenoot*. Onderaan sommige van hulle staan ook die name van die karikature in die prente in potlood geskryf. Geen datums of verdere besonderhede is verskaf nie. En dít was die rede vir die versoek: ‘Spoor die Boonzaiers op – waar is hulle gepubliseer, wie is die karikature wat uitgebeeld word en wat is die boodskap van elke prent?’

Ek het oor jare baie ure in die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek deurgebring – honderde koerante fisies, op mikrofilm en op mikrofiche deurgekyk; eers in die middel-tagtigs: koerante (MA in Geskiedenis), en in die vroeë nuwe millennium: tydskrifte en

koerante (D Phil in Kultuurgeskiedenis). En ek dog toe ek is klaar met die plek!


Die biblioteek het hier en daar verander – die mikrofilmlesers is nou in ’n ander vertrek, asook die naslaan- of leeskamer. Die kaartjie-indeks is al in 1990 afgesluit – dit het ek ook geweet, maar gelukkig soek ek bronne van baie ouer as enkele dekades, so ek kon die rekenaarterminale systap. Ek het ook al bronne van die Dokumentesentrum (*Spesiale Versamelings of Special Collections*) geraadpleeg – ironies genoeg juis om artikels vir die *Quarterly Bulletin of the National Library of Suid-Afrika* te skryf, en daar lyk dit nog baie dieselfde. Ook is Melanie Geustyn steeds daar in beheer, ’n verligting: so baie bekende gesigte is weg, soos Petrie le Roux, wat my baie ure gespaar het weens haar kundige begeleiding.

En dis by *Special Collections* waar ek my eerste gaan begeef het: die Boonzaierversameling wat daar bewaar word wou ek al vir jare besigtig. Ek het die enkele navorsers (van DCB se dagboeke wat hy van 1906 tot 1945 bygehou het) beny – FS Liebenberg wat *DC Boonzaier in die artistieke lewe van die Kaapse belle epoëe* geskryf het (MA, 1989) waarin sy DCB se invloed in die Kaap se kunskring beskryf het, en *Die spotprente van DC Boonzaier in De Burger: 1915-1924* deur DJ Kotzé Junior (MA, 1988). Hulle navorsingswerke het ek destyds verslind, want wát ’n fassinerende onderwerp is DCB nie! Beide die skilder- en spotprentkuns interesseer my al sedert kindsbeen, en hy het soos ’n kolos in dié genres (en ander) uitgetroon. Almal het hy geken wat enigiemand was: kunste, politiek, noem maar op!

In die dagboeke, wat vir ’n tydperk geslote was (aanvanklik vir 25 jaar – van sy dood in 1950 tot 1975) het hy sy ontmoetings met, en sienings van, baie gesiene persone aangeteken. Ook sy daaglikse roetine, alles waarby hy betrokke was, sy bekommernisse en bekoringe (en daar was baie) en sy triomferings en tragedies (ook baie). Bowenal was ek geïnteresseerd in sy motiewe vir, en uitlatings aangaande sy spotprente. So het hy kort nadat hy met die dagboeke



1




2



7



3



4



6



5

1. DCB spot met die koerant Ons Land, wat 'n mededinger was van Die Burger waarvoor hy sedert 1915 tot 1945 gewerk het (Naspersargief)
2. Voorblad van J du P Scholtz se boek oor Boonzaier en die skilder Wenning
3. DCB in sy studeerkamer – 'n rare visuele rekord van sy werksmilieu (Naspersargief)
4. Karikatuur van Sir David Graaff (My Caricatures, DC Boonzaier, 1912)
5. Karikatuur van die beeldhouer Anton van Wouw deur DCB (persoonlike versameling van skrywer)
6. Karikatuur van Constance Penstone deur DCB (Naspersargief)
7. DCB as ouer man (Naspersargief)

begin het, van werkgewer verander – van *The South African News* na *The Cape* wat hy help stig het en waarin hy aandele besit het.

Boonzaier het my nie teleurgestel nie; hy het heelwat kommentaar gelewer op sekere werke soos nuwe reekse karikature wat hy begin het in 1908; *Russian drawings*, waarmee hy die styl van die Russiese spotprenttekenaar Valery Garrick nageboots het. Dit was 'n reuse sukses en hy teken aan dat dit op almal se lippe was en die beste werk was wat hy tot op daardie stadium geskep het.

Tog het *The Cape* nie so waffers gevaar nie en hy noem dat *The Owl*, vir wie hy en Suid-Afrika se eerste vroulike spotprenttekenaar, Constance Penstone (1864-1928) gewerk het, gevou het. Hy kon nie kleinkry hoekom Kapenaars eerder (in sy oë) swak joernalistiek soos *The Cape Review* gekoop het as *The Cape* nie. Hy het ook herhaaldelik genoem dat hy sy beste werk tot op daardie stadium gedoen het vir *The Cape*.

Boonzaier se seun Gregoire het ook na sy vader se afsterwe notas oor DCB gemaak en hierdie notas is in die versameling ingesluit. Hierin noem hy dat sy vader nooit siek was nie. In sy dagboek (1908) erken DCB egter dat hy aan hardlywigheid en neerslagtigheid gely het en dat dit dalk te wyte was aan die feit dat hy byna nooit vakansie gehad het nie; nie as staatsamptenaar nie (17 jaar!) en ook nie terwyl hy voltyds as joernalis gewerk het nie. Ironies genoeg sou hy eers jare later vakansieverlof kry, en toe hy terugkom, is TO Honiball in sy plek aangestel (persoonlik aan my meegedeel deur Honiball se weduwee Essie).

DCB was ook deur kommentators beskryf as 'n moeilike persoon om mee oor die weg te kom; dat hy sy familie paternalisties regeer het – dit is ook deur Gregoire aan my oorvertel tydens besoeke aan hom in Onrusrivier. In 1998 het ek DCB se sterftekennis ('n afdruk daarvan uit die Kaapse Argief) aan hom gegee en hy het net sydelings daarna gekyk en gevra hoe oud DCB geword het. Toe ek sê '85', het hy geglimlag en gesê hy is self darem al tien jaar ouer.

Die punt wat ek hier wil maak is dat die verhouding tussen DCB en sy familie gespanne was, om die minste daarvan te sê. Karel Schoeman het in die SA Nasionale Biblioteek se *Quarterly Bulletin* (Junie 2002) geskryf dat kêrels wat by DCB se dogters wou kom kuier, in die bosse moes wegkruip tot die ou man weg werk toe was. Hy het ook Gregoire se kunsloopbaan oorheers – daarom is laasgenoemde op 25-jarige ouderdom uit die huis, om nooit terug te keer nie. Ook dié feit is algemene kennis, soos in Martin Bekker se boek **Gregoire Boonzaier** (1990) aangedui word.

Wat dáárom nogal interessant is, is DCB se eie kommentaar op sy lewensbeskouing in sy dagboeke. Hy noem dat hy sy vrou en kinders mis toe hulle by familie in Houtbaai gaan kuier het – hoe stil die huis skielik was. Hy noem ook dat Gregoire hom soms vergesel het na die teater en dat Gregoire ('Goorie', soos hy by sy familie bekend was: gebore 1909, gestorwe 2005) saam met 'Nooy' (DCB se vrou: gebore 1866, gestorwe 1948) teater toe gegaan het – hoewel skynbaar baie selde.

DCB het gereeld gestap, wat sekerlik bygedra het tot sy algemene goeie gesondheid. Hy het altyd van openbare vervoer gebruik gemaak, dikwels trein gery en gereeld lang ente in die natuur gestap, in Kirstenbosch en Houtbaai. Meestal het ene Fuzzy hom vergesel (ek lei af dit was die familie se hond), wanneer hy Houtbaai toe was,

waar, onder andere, sy vader gewoon het. Hy het soms genoem dat die staptogte hom goed gedoen het. Tydens die stappe het hy ook dikwels aangeteken hoe die weer was – byvoorbeeld, hoewel die Suidoos waai, reën dit, wat selde gebeur in hierdie omgewing.

Hy was gekant teen sport, en daarom was dit 'n verrassing om te sien hy beskryf iets as 'good sport'. Dit was om voëls met 'n windbuks te skiet! Hy was ook redelik behep met die Kaap (dalk deels weens finansiële redes), wou nooit oorsee gaan nie (het Penstone verkwalik dat sy dit durf voorstel) en het lank vasgeskop daarteen om in Transvaal te gaan werk.

Maar, nieteenstaande die verrassende persoonlike openbarings, lê die waarde van DCB se dagboeke steeds in die beskrywings van 'n vergange en tog belangrike tydperk in ons land se geskiedenis. Dit weerspieël die tydsges van destyds; die sosiale en politieke atmosfeer, uiteengesit deur 'n tydgenoot wat dit juis gedoen het met die doel dat sy dagboeke eendag gelees sal word. Hy skryf voorin die eerste dagboek (15 Junie 1906): 'I have often thought of starting a diary, for I have seen and met many interesting men and women and heard many interesting things. Beyond a casual reference to the past all these events will be lost to the reader of this diary.' DCB gaan voort deur te sê dat elkeen 'n dagboek behoort te hou, want ná 'n mens se dood kan baie dinge misverstaan word. Inderdaad.

Ek het nog 37 jaar se dagboeke om deur te werk, so ek voorsien baie ure tussen *Special Collections* se mure. Maar soos die gesegde tereg lui: 'One should apply the seat of the pants to the seat of the chair.' DC Boonzaier het beslis só gemaak. Aan deursettingsvermoë het hy nie tekortgeskiet nie. Ook nie aan talent, observasievermoë en intelligensie nie – waarlik 'n merkwaardige karakter wat verdien om nie vergeet te word nie.

Maar, kry ek bruikbare inligting oor sy spotprente? Ja wel, maar sover nie juis vir my huidige doeleindes nie – 'n man wat 50 jaar lank geteken het en vir meer as tien publikasies gewerk het, produseer nogal vrek baie om oor te lees! Vra my dus oor drie maande weer ...

Nota: 'n Artikel oor Gregoire, Saluut aan ou meester het in KB Jul/Aug 2006 verskyn en in die Sept/Okt 2006-uitgawe, Die formidabele DC Boonzaier.

